
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Wees nie angstig nie



"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7)

As jy in Genesis hoofstuk 3 gaan lees van die sondeval van die mens, sal jy merk dat Adam en Eva gekies het met hulle vrye wil om te sondig en aan Satan gehoorsaam te wees. Satan, soos alle engelagtig wesens, kan niks skep nie, hy kan slegs vernietig en slegs die dinge kontamineer wat reeds geskape is. Daar is geen waarheid in hom nie (Joh. 8:44) – hy is 'n leuenaar en 'n bedrieër.

In die tuin van Eden het Adam hoogverraad gepleeg teenoor God en onder Satan se heerskappy beland. Omdat Satan nie self kan skep nie, bederf hy dinge wat reeds bestaan. So is sonde nie 'n nuwe skepping nie, maar BEDORWE GEREGTIGHEID. Die dood is BEDORWE LEWE. Haat is BEDORWE LIEFDE. Vrees is BEDORWE GELOOF. Die geloof wat God aan Adam gegee het, was veronderstel om lewensbehoudend te wees. Maar toe Satan die oorhand kry, is hierdie mag van geloof BEDERF, en vrees het ontstaan wat, as 'n geestelike mag, vermoor, steel en vernietig. Johannes 10:10.

Nadat Adam gesondig het in die Tuin, het vrees die oorheersende mag in sy lewe geword. Die eerste woorde wat hy aan God gesê het, was: **Ek het .. gevrees (Gen. 3:10).** Die geloof wat in sy hart was, is verander in vrees. Geloof en vrees is byna identies, hulle werk op dieselfde wyse, maar BRING TEENOORGESTELDE RESULTATE.

Die mag wat ons vandag ken as vrees, was oorspronklik Adam se geloof. Toe hy sy knie voor Satan gebuig het, het hy die wet van sonde en dood in werking gestel. Tot op daardie tydstip het Adam nie eers geweet hoe om te sterf nie. Hy het net geweet hoe om te lewe volgens God se gesproke Woord. Toe hy teen hierdie Woord gaan, het hy geestelike dood in sy gees ontvang.

Hy het die wet van die sonde en die dood ontvang en is geskei van God. As jy jouself afskei van God en Sy Woord, skei jy jouself af van LEWE. Adam het dit gedoen, en hy het toe eers geestelik gesterwe en ook fisies begin sterf. **Rom. 8:2: Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.**

Toe Adam anders as die Woord van God gehandel het, het hy die toevoerlyn tussen die hemel en die aarde vernietig. Die wet van die lewe op hierdie aarde was bederf en het verander in die wet van sonde en dood. In God se hande was dit die WET VAN DIE LEWE. In Satan se hande het dit die WET VAN DIE DOOD geword. Dieselfde ding het Adam en Jesus oorgekom. Hulle het albei geval van lewe na dood – Adam in verraad, Jesus as 'n daad van gehoorsaamheid. (Filip. 2:8)

Ons het in Rom. 8:2 gelees dat daar twee geestelike wette in werking is; die een van die lewe, die ander van die dood. In satan se domein waar die wet van die dood (die vloeke) heers, kry ons vrees, sonde en dood, siekte en kwale, armoede, bekommernis en angs, haat en demone. In Jesus se domein waar die wet van die Gees van die Lewe (die seëninge) heers, kry ons geloof, lewe en geregtigheid, genesing en Goddelike gesondheid, vrede, liefde en engele magte.

Die prys wat Jesus betaal het was tweevoudig: Hy het nie net gekom om die werk van Satan te vernietig nie, maar ook om ons vry te maak van vrees, die dood en die bindinge wat dit bring. Lees **Heb. 2:14 en 15: Aangesien die**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wees nie angstig nie)

kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.

Hier word die frase vrees vir die dood gebruik – die gevolg van die wet van sonde en dood. In die oorspronklike taal is die uitdrukking tot niet maak, eintlik: verlam. Jesus het na die aarde gekom om twee redes: Om Satan wat die mag van die dood het, heeltemal te verlam, en om ons wat onderworpe was aan Satan se slawerny, te bevry.

Om die mag van die dood te verbreek, moes Jesus die hele vloek van die wet (Deut. 28) op Hom neem, in die geestelik gebied, sowel as die fisiese. Loof God, ons lees in Heb. 2:14-15 en Kol. 2:14-15 dat Jesus deur Sy dood Satan se mag vernietig het!

Toe die prys betaal is het God die asem van die lewe in Jesus ingeblaas en die wet van die Gees van die lewe is in werking gestel tot die mens se voordeel. Hy het dit alles vir jou en vir my gedoen, sodat ons VRY kan wees. Ons kan met 'n vaste sekerheid in ons siel WEET, dat die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus ons vrygemaak het van die wet van sonde en dood!

Maar laat ons enkele lewensomstandighede noem wat vrees kan veroorsaak. Hou voortdurend in gedagte dat vrees van Satan af kom, want God sê **Hy het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie…** (2 Tim. 1:7).

Daar is die mishandeling van kinders deur ouers wat neerdrukkende emosionele en verstandelike gevolge kan hê wat 'n kind as vrees kan oordra tot in sy grootmens jare. Daar is die mishandeling van kinders deur onderwysers, veral as die persoon (ouer of onderwyser) baie kwaai straf uitdeel in 'n gees van woede. Kinders reageer op verskillende wyses – party mag terugtrek in 'n dop van onsekerheid en vrees, ander gaan oor in rebellie teen alle gesag. Enkeles keer hulle na geweldpleging. Let wel, ek wil vir geen oomblik beweer dat kinders nie moet gestraf word en selfs per geleentheid slae kry nie, maar KINDERMISHANDELING is 'n growwe sonde en is dikwels die oorsaak van ongebalanseerde vrese in daardie kind se latere lewe.

Ouers wat voortdurend haks is voor hulle kinders, of die ouer wat 'n alkoholis is, skep ook emosionele steurings in hulle kinders wat ontwikkel in gebrek aan sekuriteit, vrees en ander onstabiele neigings.

Die huwelik is 'n wye veld waar vrees gekweek kan word tussen twee mense. Bakleiery veroorsaak vreesagtigheid. 'n Sterk dominerende man wat min konsiderasie vir sy vrou het, kan veroorsaak dat sy vrou reageer deur terug te trek in 'n droom wêreld, of oorgaan in geweld, of selfbejammering wat kan ontwikkel in selfmoord. Ontrouheid in die huwelik bring vrees en onsekerheid. Egskeiding bring ontsettende emosionele probleme.

Die geleerde mense noem ongebalenseerde vrees vir 'n sekere iets 'n fobie en toe ek begin rondkrap in die geleerde boeke vind ek lang lyste van hierdie fobieë. En my gees wou sommer rebelleer, want die ware naam vir al hierdie verskillende fobieë is eintlik demone en omdat ons weet hulle oorsprong by Satan is, moet ons hulle weerstaan en beveg met die Woord van God en nie toelaat dat hulle ons manipuleer en ons laat sondig nie. Want ons het vroeër gesien dat VREES, SONDE is.

Maar onthou al die bogenoemde vrese en fobies kan oorkom word in Jesus, want Sy Woord waarborg jou oorwinning.

DIE GEVOLGE VAN VREES

2 Tim. 1:7: Want God het ons nie 'n GEES van vrees gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

Spreuke 15:13: 'n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig.


Spreuke 17:22: 'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.

Daar is lankal vasgestel dat baie fisiese kwale o.a. hartaanvalle en maagsere aangemoedig word deur vrees en bekommernis. Aan die ander kant sê die Woord vir ons dat 'n vrolike hart genesing bevorder, maar 'n verslae gees laat die bene uitdroog. Die bloed word in die murg van die been vervaardig. 'n gebroke, vreesagtige gees is seker verantwoordelik vir meer terminale siektes as enige ander oorsaak.

Spreuke 29:25: Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die Here vertrou, sal beskut word. Job. 3:25: As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my, en die ding waaroor ek bang is, kom na my toe.

Vrees vir die mens, of dit nou jou werkgewer is, jou man of jou vrou, mededinging in die skool of werk, sal altyd 'n strik bring. Kyk maar na Job: dit wat hy gevrees het, het gemanifesteer. Jy sien, vrees is 'n onreine gees, en wanneer jy hom toelaat in jou gemoed, dan neem hy geleidelik jou hele dinkpatroon oor. Later sien, hoor en praat jy net vrees want jy is sò vol daarvan, en wat die hart van vol is loop die mond van oor. Dis op dieselfde patroon as wat weersin of verwerping werk – die persoon wat die demoon van verwerping in sy gedagtes toelaat is later in sò 'n toestand dat hy GLO niemand het hom lief nie, alle omstandighede werk net om hom af te takel, dat

(Vervolg op Bl. 4)



PRISON and You came to me

Matthew 25:31, 34, 35 en 36: When the Son of Man comes in His glory, and all the holy angels with Him, then He will sit on the throne of His glory. 34: Then the King will say to those on His right hand, Come, you blessed of My Father, inherit the kingdom prepared for you from the foundation of the world: for I was hungry and you gave Me food; I was thirsty and you gave Me drink; I was a stranger and you took Me in; I was naked and you clothed Me; I was sick and you visited Me; I was in prison and you came to Me.

It is obvious from these words of Jesus that He is deeply concerned about those in desperate need, and Father God expects us, His children to have the same compassion that Jesus has. It is so easy for us to justify our lack of involvement with others who find themselves in unenviable positions. We are so quick to judge the failings and failures of others without any knowledge of the causes and circumstances that have landed them in the situations in which they find themselves. Jesus does not require us to analyse a need in a cold and calculating manner, but to hear the voice of the Holy Spirit speaking to our hearts, and reminding us that it could be you or me or our child or grandchild in a similar position. Many of us have never known **real** hunger, cold or loneliness, and therefore it is difficult for us to empathise with those who are suffering in this way. I find myself giving a lift to hitch-hikers when I am able to, and this is largely motivated by the fact that I have experienced what it is like to have to hitch-hike, because as a schoolboy in boarding school, I often had to walk long distances. I know the joy of seeing a vehicle stop when the sun is about to go down, and the uncertainty of getting a lift at dusk is very real. (I am of course speaking of the 1940's) It is only when we have experienced great need in certain areas of our own lives, that we are able to identify with others in a similar position, and act upon the compassion we feel for them. Jesus suffered with the needy, and had great compassion for them.

The Lord has given us a wonderful prison ministry, and we have been able, (by His grace and by Him opening doors), to touch many lives of hundreds of prisoners in prisons all over our country and Namibia with the Word of God, letters of encouragement, books, tapes, bibles etc. Daily we receive letters from prisoners who testify to the fact that they have received Jesus as Lord and Saviour whilst in jail, and thanking our Heavenly Father for the truth of the Saving grace of our Lord Jesus Christ, which has come to them and changed their lives. We are able to continue sending them Christian literature to assist them in their spiritual growth, and many of them even start Bible study groups within their prison. I remember one such group who called themselves "Skollies vir Jesus". They were a zealous bunch of believers. In the early 90's we received a shoe box containing a pair of mens new shoes and a letter enclosed with them. The letter was from a prisoner who had been writing to us for some time from maximum security, and we had sent him many books and tapes as he had requested them. In his letter he said, "I am sending you these shoes because they are the only valuable possession I have, and I wanted you to have them because of your kindness and love shown towards me. I have received the death penalty and by the time you receive these shoes my execution would have taken place, but rejoice with me because I will be with my Jesus who I met, thanks to you and the Stanger Christian Centre for showing me the way of salvation. I am saved and do not have any fear." Needless to say we were all misty eyed, but rejoiced in the knowledge that he has eternal life and we will meet Him in heaven one day.

We are always blessed to receive news from the prisons, and one letter which we recently received also blessed us immeasurably. It was written by Michael Mafogo from Louis Trichardt:

My brother James,

Woe!!!! What information – Biblically foundationed information. I was stunned by almost every book I was reading, which left me with Ai!! Hee!!! Stjoe!!! Stjoe!!!!

I am very surprised brother van Zyl, really, what you teach opens my eyes more widely as I listen to you. At this present moment I am sharing the information around with the members in the Bible Study class, and even with some church committee members.

I was checking the list of books you have, as well as some tapes, but for now I beg you please to help me with the following teachings (a list of books followed).

You know what you taught me left me very much inquisitive and if I was outside this prison now, I would go from Limpopo right to Stanger, to come and see you personally, to hear more from you. Doctor van Zyl, you left me very thirsty and hungry for more and more teachings. No matter how big the parcel is, rest assures, it will safely reach me and I am ready to dine on your table (enjoy your teaching). Be assured of my continual prayers for you and your family, as well as Stanger Christian Centre.

I wish we had space to publish all the beautiful testimonies and letters of thanks we receive from disciples in prison because we know your hearts would be stirred and you would be as blessed as we are. We would, however, like to thank you all who make it possible for us to reach out to those in prisons, through your prayers and financial support. One day you too will hear Jesus saying to you: "**I was in prison and you came to me."**

F

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Wees nie angstig nie)
hy 'n mislukking is en die uiteinde hiervan is dikwels selfmoord! Daarom is dit sò belangrik dat ook in die geval van VREES die persoon sal besef dat hy te doen het met 'n demoon 'n onreine gees en hy moet aggressief raak teenoor hom!

Dink sò aan die situasie: as 'n dief daar by jou voordeur inkom en hy sê hy kom jou meubels vat, sal jy hom maar gelate toelaat? Sekerlik nie! Jy sal vir hom baie duidelik laat verstaan dat dit jou wettige besitting is, dat hy nie eers die reg het om in jou huis te wees nie, en dat hy onmiddellik moet padgee. En jy gaan dit beslis nie fluister – fluister doen nie, maar op 'n kwaai, besliste wyse!

Nou ja, Jesus het gesê: **Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek aan julle … Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. (Joh. 14:27)** In Jesus is vrede en vreesloosheid ons besitting – kosbare besitting! As die dief, Satan volgens Joh. 10:10 dan nou kom om hierdie besitting van ons te steel sodat dit vervang word met vrees, MOET ONS AGGRESSIEF RAAK! Ons moet daardie bose gees van vrees glad nie toelaat nie!

Daar is die baie beskrywende vergelyking van die rondloper hond wat by jou agterhek sal insluip en by jou honde se kosbakke sal kom vreet, en alles opvreet as jy hom nie verjaag nie. Dit sal ook nie help om vir hom te fluister nie, maar jy moet voertsek skreeu! Doen dieselfde met Satan wat sal moet vlug as jy hom weerstaan, volgens Jakobus 4:7.

In 1 Pet. 5:8 sê God dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu om te soek wie hy kan verslind – hy verslind nie almal nie, want hy kan nie, maar hy soek die een wat hom sal toelaat, hom sal plek gee! **Gee aan die duiwel geen plek nie. (Ef. 4:27) Rigters 7:3: Die wat bang is en bewe, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gilead af.**

Hier is die verhaal van hoe driehonderd Israeliete onder leiding van Gideon die Mideaniete verdryf het. Daar was oorspronklik twee-en-dertig duisend Israeliete, maar God het Gideon wysheid gegee om te weet dat vrees ontsettende negatiewe krag het. Hy sou dus baie meer kon uitrig met 'n handvol vreeslose, as met duisende vol vrees. VREES BRING MISLUKKING!

Kom ons kyk na nog 'n paar tekse waar die Bybel van vrees praat.

Jes. 37:6 en 7: So spreek die Here: Vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Asirië My gelaster het nie. Kyk, Ek sal 'n gees in hom gee… en Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val.

Jer. 1:8: Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die Here.

Ex. 14:13: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die Here…

Psl. 91:5: Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie.

Deut. 20:1 en 3: As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand moet jy vir hulle nie vrees nie, want die Here jou God is met jou.

2 Kron. 20:15: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.

Uit hierdie Skrifdele is dit baie duidelik dat God Sy Volk baie duidelik laat verstaan dat hulle NIE REDE TOT VREES HET NIE, want hulle God is met hulle, en in die Nuwe Testament sê: **Rom. 8:31: As God vir my is, wie kan teen my wees?**

Vrees bring altyd dit wat jy vrees voort. As jy vrees vir kanker omdat jou vader en jou grootvader kanker gehad het, gaan daardie vrees kanker voortbring! (Job. 3:25) Vrees mislukking en jy sal dit kry! Vrees veroorsaak dat jy altyd die slegte verwag – terugslae verwag. Vrees maak van jou 'n finansiële wrak en jy hou liewer vas aan jou geld sonder om in die eerste plek aan God Sy regmatige deel te gee, uit VREES dat jy dalk eendag sal te kort skiet. Vrees bring senuwee-instortings, slaaploosheid, gebondenheid in jou gebedslewe en in jou getuienis. Verslaenheid, terneergedruktheid, vernietigheid en selfs die dood is die gevolge van vrees. Wat 'n aaklige gogga om in jou om te dra!

OORWINNING OOR VREES

Halleluja – daar is oorwinning en bevryding uit die vangnet van vrees! Soos ek vroeër verduidelik het: JESUS CHRISTUS HET AAN DIE KRUIS OP GOLGOTA DIE VOLLE PRYS BETAAL SODAT JY, VANDAG, VRY KAN WEES VAN ENIGE BINDINGE WAT SATAN OP JOU WIL PLAAS, EN DIT SLUIT VREES IN! Matt. 14:27: **Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.**

Sommige mense dink 'n bietjie vrees is gesond – dis 'n leuen! Daar is nie so iets soos gesonde vrees nie! God se Weg en Satan se weg kan nooit gekombineer word nie. Daar is net EEN WEG, een wyse van optree, een stel wette: God se Weg en God se Woord!

Ons het ookal verduidelik dat geloof en vrees baie eenders is. **Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, en 'n bewys van die dinge wat ons nog nie gesien het met ons fisiese oë nie** (Heb. 11:1) Geloof is eenvoudig om te glo dat God sal doen wat Hy belowe in Sy Woord, as ons doen wat Hy ons beveel, en as ons Hom volkome vertrou dat Hy Sy Woord sal volbring, dan sal dit gebeur. Hoe werk geloof? **Geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17)** Geloof word

(Vervolg op Bl. 6)

uit ons possak

Dus nou omtrent 2 jaar gelede dat my vader, Samuel September, 'n brief aan u geskryf het dat u sentrum vir my moet bid vir genesing vir my kolon wat 'n infeksie gehad het en aanhoudend intern gebloei het. Dit het met verskriklik, aanhoudend pyne gepaard gegaan. My persoonlike spesialis het my meegedeel dat dit 'n chroniese siekte is en dit erger begin raak, 'n gedeelte van my kolon verwyder sou word. Hy het my ook meegedeel dat die medikasie slegs die bloeding sal verlig maar nie die siekte kan genees nie. U gebede en met my geloof het die jaarlikse ondersoeke getoon dat my dermkanaal begin skoon en vry raak van die bloeding. Vandag is ek genees. Vandag kan ek getuig dat daar 'n lewende God is en die grootste geneesheer is. Prys die Here!! Baie dankie aan die sentrum. Mag God u seën.

Heinrich September, Durbanville

I would like to thank you and your team personally for your prayers this week for my husband, Cobus. My sister-in-law, Rita from Germiston, phoned you on Monday to ask you to pray for Cobus. Briefly, I would like to give you a bit of background, so that you can see what an absolute miracle has taken place. Cobus was diagnosed with prostate cancer and had the prostate removed in November 1998. He was in remission after that, and last year the cancer started spreading. It spread to his one shoulder and he had a spot on his back. In April last year, intense radiation was done, but the PSA count just kept on escalating. Towards the end of last year, the oncologist started with the cancer injections every 2 months (at R10 000 each), and the PSA count started coming down.

In February the count had come down from 25 to 1,8, and they did complete tests on him. They found that although the count had come down, the cancer was now spreading further down his spine and also started in the pelvic area. This caused us great concern, but we continued to pray and trust God for his healing.

About 2 weeks ago, his legs and feet started going numb, and last Friday he saw an orthopaedic surgeon, the doctor though it might be a pinched nerve or something small. They did an MRI of his lower back and he had to see the surgeon again on Monday. By Saturday afternoon, Cobus could no longer walk as his legs were completely lame, and his feet also had no life in them.

On Monday, the surgeon said he found nothing in his lower back to cause the numbness and that he suspected a possible brain tumour, and he was sent for an MRI of the brain on Wednesday. I think it was at this point that Rita phoned you and we also contacted various people in the family and in the Church, and we all fasted and prayed on Tuesday, for a negative report on Wednesday.

On Wednesday the MRI was done on the brain and he again saw the surgeon and he could find nothing. By this time life had returned to his left leg and his one foot and he was able to even go to work on Tuesday. As the day progressed, life started returning to the other leg. When the surgeon found nothing, he referred him to a neurologist, and he saw this doctor yesterday, and took all the reports and even the reports from the oncologist. He did further tests which included shocks to the nervous system and lots of other tests and he is completely stunned. He also found nothing. Life has returned to the other leg and Cobus is able to walk normally.

Last night Cobus came home and even washed our 2 cars, something he has not been able to do for some time! We praise God for this miracle and thank you again for all your prayers and standing by us. We would ask that you continue to remember him in your prayers, but we know that he is completely healed! Thank you once again! Yours in Christ.

Mrs S Griezel

Dr James ek het so baie getuienisse wat ek vir u kan op noem, maar dan sal ek blaaie en blaaie vol moet skryf. Een van die wonderlike getuienisse wat ek nie kan nalaat om van te getuig nie, is die van 'n onderwyser, ene Mnr. Visser, by die Laerskool op die Voorpos. Hy was baie siek en aan masjiene gekoppel. Die Vrydag sou sy ouers na Bloemfontein gaan om die masjiene af te skakel, ek het gebel en voorbidding vir hom gevra en ons het ook hier in gebed gegaan. My dogter, Gaynor was baie hartseer en het gevra, sal Mnr Visser nou sterf? Ek het geantwoord en gesê Dr James sal daar ook bid en dat sy saam met ons die Here moet vertrou. Daar was menslik gesproke niks wat hulle meer vir hom kon doen nie. 'n Paar dae na my oproep om gebed, het my kind opgewonde gespring en gesê: "Mamma, Mnr Visser se toestand het verbeter." Glo my dr. James, hy is nou weer perdfris en gesond en sal die volgende kwartaal (April) terugkom skool toe. Het ons nie 'n groot en liefdevolle Vader nie? Wys net wat gebed alles kan doen. Ons loof en prys elke dag die Here vir Sy getrouheid. Dit is tog so waar van Psalm 50 vers 15. Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Baie dankie vir u gebede en ondersteuning. Liefde in Christus.

Mev H C Gilbert en familie, Upington

Ek wil net baie, baie dankie sê vir julle gebede vir my broer van Centurion. Ek het 'n tydjie gelede gebel en gevra vir voorbidding. Hy was vir 2 weke baie ernstig siek aan longontsteking. Die dr het hom 6 dae onder verdowing gehou. Hy het so wonderlik herstel. Die dokter sê dis absoluut 'n wonderwerk. Hy moes eintlik dood gewees het.

(Vervolg op Bl. 8)

"Het ons nie 'n groot en liefdevolle Vader nie? Wys net wat gebed alles kan doen. Ons loof en prys elke dag die Here vir Sy getrouheid. Dit is tog so waar van Psalm 50 vers 15. Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer..."

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Wees nie angstig nie)
dus ontwikkel deur God se Woord te bestudeer en daarvolgens op te tree. Hierdie Woord produseer geloof, liefde, genesing, voorspoed, wysheid – 'n gesonde gees, siel en liggaam. Die Woord bring lewe.

Geloof volg op die hoor van die Woord van God. Vrees volg op die hoor van die woord van die wêreld – Satan se leuens. Geloof word ontwikkel deur God se Woord te oordink. Vrees word ontwikkel deur Satan se leuens te oordink en dan daarop te reageer. Die ergste ding wat jy kan doen is om op vrees te reageer. In Matt. 14 sien ons 'n pragtige voorbeeld van geloof teenoor vrees . Die dissipels was in 'n boot en Jesus het na hulle toe aangeloop gekom op die water. Petrus sê toe: **Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.**

Jesus sê toe: **Kom!** Petrus het uit die boot geklim en na Jesus toe begin loop. **Vers 30: Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword, en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!**

Wat het veroorsaak dat Petrus gesink het? Hy het die sterk wind gesien, en gevrees! Petrus het op 'n bonatuurlike wyse op die water geloop. Hy het op die Woord van Jesus geloop! Die krag wat Petrus op die water gehou het was sy geloof in Jesus se Woord: **Kom**! Maar toe die vrees kom, het dit oorgeneem en hom oorheers en laat misluk. As hy dit bestraf het, sou dit verdwyn het maar hy het vleeslik gereageer.

Geloof word vrygestel deur van die dinge wat onsienlik is te praat asof hulle reeds bestaan (Rom. 4:17) Vrees word op dieselfde manier vrygestel. Gebruik daarom die Woord van die geloof en gebruik dit as jou swaard en weerstaan Satan om elke draai. Hou jou skild van die geloof hoog en blus Satan se vurige pyle uit wat hy op jou afskiet (Ef. 6:16)

Meet die geloof in jou hart aan die woorde van jou mond. Jou gees is of gevul met geloof, of met vrees – gevul met liefde of haat. Watter taal praat jy?

"Ek is bevrees ek sal dit nie kan doen nie."

"Ek is bevrees dis waar."

"Ek is doodbang."

"Moenie sonder jou trui loop nie – ek is bang jy word dalk siek."

Ja dit is nou maar spreektaal en ons dink nie eers wat ons sê nie! Ons praat maar so om ons kinders te waarsku. Nee wat, gee jou kind inligting oor 'n gevaarlike saak, en hy sal dit eerder reg hanteer as wat jy vrees by hom inboesem. Leer hom hoe temperatuur veranderinge sy liggaam affekteer – nie vrees vir 'n verkoue nie! Leer hom hoe 'n rewolwer werk, dan sal hy dit respekteer! Leer hom aangaande motorkarre, dan sal hy self versigtig wees in die straat – nie omdat hy bang is nie, maar omdat hy kennis dra.

Jes. 54:14: Deur geregtigheid sal jy bevestig word, wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie, en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie.

Ons het gesê geloof is die teenmiddel vir vrees en geloof word opgebou deur die Woord van God (Rom. 10:17) daarom moet ons terug na die Woord. DEUR TYD MET GOD SE WOORD DEUR TE BRING SAL JY JOU DINKPATROON HERPROGRAMMEER VAN VREES NA GELOOF, VAN DOOD NA LEWE.

Psl. 118:6: Die Here is vir my: ek sal nie vrees nie. EK SAL is 'n baie sterk uitdrukking. Nou besef jy die Here is aan jou kant en jy sal nie vrees nie. Vrees het nie 'n kans in jou lewe nie!

Jes. 43:1 en 2: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos, Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou.

Die woorde VREES NIE, verskyn meer as sestig keer in die Bybel. As God iets beveel, dan gee Hy ook altyd die krag en die vermoë om dit te kan uitvoer.

Nou lê die keuse by jou: jy hoef nie vrees te kies nie, maar jy kan. Jy hoef nie geloof te kies nie, maar jy kan!

Kyk nou weer wat God jou al in net hierdie drie tekse belowe het: (Jes. 54:14, Psl. 118:6 en Jes. 43:1 en 2) Hy het jou bevestig in geregtigheid want jy hoef nie te vrees nie! Verskrikking sal nie naby jou kom nie! Die Here is met jou! Hy het jou verlos! GOD SE WOORD BELOWE DIT! As 'n kind van die Here, kan jy 'n lewe vry van vrees lei, alhoewel jy gedurig waak teen Satan se strik van vrees. Dit moet 'n lewens wyse word.

Onthou, ons het reeds gesien dat satan nie kan skep nie, maar dit wat bestaan, kan bederf. Vrees vir siekte is 'n bedorwe weergawe van **Pet. 2:24: Deur wie (Jesus) se wonde julle genees is.** Vrees vir armoede is 'n bedorwe weergawe van **Filip. 4:19: God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.** Jy kan dus met sekerheid weet dat enige vrees wat Satan in jou gemoed plaas, 'n bedorwe weergawe is van 'n belofte wat God aan Sy kinders gee in Sy Woord, al weet jy nie eers presies waar dit staan nie. Maar nou is dit belangrik dat jy die Woord sal gaan lees en bestudeer en die tekse leer ken want deur Sy Woord word jy 'n deelgenoot van Sy Goddelike Natuur en kan jy bokant die korrupsie (siekte, sonde, demone, armoede, vrees) van hierdie wêreld leef.

Laat ons 'n praktiese situasie neem. Jou dogter is saam met 'n groep maats see toe (jou seun is laat uit met die motor, jou man is oorsee, jou ou moeder woon alleen in 'n woonstel in 'n gevaarlike buurt). Satan val jou aan en maak jou wys dat jou dogter

(Vervolg op Bl. 8)

UIT DR JAMES SE KANTOOR

Liewe Geliefdes,

Job sê in die oudste boek van die Bybel, **as ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my, en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe. (Job. 3:25)** As jy vol vrees is vir siekte en kwale, konsentreer jy onwillekeurig daarop, en die bose kringloop is in werking want vrees bring siekte voort! Job was 'n prooi van hierdie situasie. Baie mense soek altyd aan hulself simptome van een of ander siekte. Dis byna asof hulle hierdie verbeeldingssiekte geniet en praat smaaklik daaroor. Hierdie soort mense praat oor hulle operasies, hulle ongelukke, pille, diëte en rade. Die wortel hiervan is eintlik vrees.

Ek het al dikwels vir mense gebid wat kanker het wat met hulle eie mond vertel dat hulle gevrees het vir kanker, en toe het hulle dit. Die duiwel het hulle gebreinspoel om te glo dat omdat ander lede van hulle familie kanker gehad het, hulle dit ook sal kry!

Dieselfde gees van vrees manifesteer in slagoffers van hartaanvalle, en baie ander siektes! Ek erken wel die mag van oorerwing, maar ek erken beslis ook die groter wet, nl. die wet van die lewe in Christus Jesus. Nuwe lewe in Jesus – oorvloedige lewe! (Joh. 10:10) So is daar vrese vir vlugte met `n vliegtuig , motorkar ry, verdrinking en die lys kan aangaan en aangaan – al hierdie vrese maak wettige deure in jou lewe oop vir Satan se werkinge wat wil aftakel, vernietig, verwoes, want vrees is sonde!

Vrees dryf 'n mens net om simpatie en medelye by ander te soek, maar glo my, simpatie en medelye sal nie help om genesing en gesondheid vir jou liggaam te bewerkstellig nie! In Jesus se bediening het Hy nie met indiwidue gesimpatiseer nie. Hy het hulle almal genees, elke siekte en elke kwaal onder die volk. Onthou die Bybel vertel ons dat **Deur Sy (Jesus) wonde is ek genees**, dus hoef ons nie siekte te vrees nie, want Jesus leef, Hy is die groot Geneesheer, en Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Jesus belowe dat ons Hemelse Vader vir ons sal sorg en in al ons behoeftes sal voorsien. Lees net Lukas 12 verse 22 tot 30 om jou geloof te versterk. Paulus moedig ons aan in Filip. 4:6-7: **Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.**

Jesus het ons in Johannes 14:27 verseker: **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.** Glo my voorwaar, dat jy nooit hoef bang te wees nie of vreesagtig te word nie, want jou Here God is in beheer van elke situasie in jou lewe.

Ek bid vir julle vir God se liefde, vreugde en vrede altyd.

Baie, baie dankie vir julle liefde en gebede. Ons waardeer opreg julle getrouheid en kosbare ondersteuning, en ons bid dat die Here julle baie ryklik sal seën en in al julle behoeftes sal voorsien. Onthou die Here is in beheer, daarom het ons niks te vrees nie!

Baie liefde groete

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: .....

Van: .....

Adres: .....

.....

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito strokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

SPESIALE WOORD VAN DANK

Vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

Wanneer u navraag doen oor 'n inbetaling, sal ons die volgende besonderhede nodig hê. Die datum wanneer die inbetaling gemaak was, die bank, tak asook die bedrag.

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, weens die onbetroubare posdiens Elke brief wat ons ontvang, word beantwoord.

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Wees nie angstig nie)

gaan verdrink, (Jou seun gaan verongeluk, jou man se vliegtuig gaan val, jou ou moeder gaan aangerand word) MOET NOU NIE OOR HIERDIE SAAK TOB NIE! Weier botweg om te vrees, en sê dit hardop vir Satan.

Sê hardop met jou mond dat God gesê het Hy sal jou nooit begewe of verlaat nie – glo jy dit? Wie kan meer en beter vir jou of jou geliefde iets doen as die Heilige Gees? Vertrou jy Hom volkome? Sluit jou oë en sien met jou geestesoog jou dogter by die strand (jou seun in die motor, jou man oorsee, jou moeder met haar hekelwerkies). Bid hardop met jou mond: *Hemelse Vader, baie dankie dat U my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Op hierdie oomblik wil ek net vir U sê dat ek U VOLKOME vertrou vir die versorging van Sarie, en ek LOS haar nou by U; en maak haar vry van die vreesbande waarmee ek haar gebind het. In Jesus se Naam. Amen.*

Kan jy haar enigsins beter bewaar – nooit! Sy is nou in die HEEL BESTE HANDE. Los haar nou daar, en weier net enige verdere gedagtes van bekommernis oor haar. Onderwerp jouself dan aan God (en Sy Woord); weerstaan Satan en sy vrees en hy SAL van jou af vlug! (Jak. 4:7).

Onthou altyd dat **God jou nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing,** daarom kan jy elke dag in Sy vrede, vreugde en liefde wandel. a

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Uit ons possak)

Ons gee al die eer aan ons Hemelse Vader wat die groot Geneser is!! Baie dankie nogmaals en baie liefde.

Mev H Kruger, Universitas

Ek het om en by 20 April in gebel en 'n gebedsversoek gerig vir ons worshondjie, Peter, wat in sy agterlyf verlam begin raak het en op daai stadium by Onderstepoort in die diere hospitaal was. Die veeartse kon nie die fout kry nie: eers gedink dis sy rug (diskusprolaps) en toe gedink dis dalk kanker wat die oorsaak vir die verlamming was (Peter het twee keer al kanker gehad). Maar die Here het 'n wonderwerk gedoen en ons hondjie genees – die enigste moontlike verduideliking was dat dit 'n kneusplek was wat geswel het en teen 'n senuwee in die rug tydelik gedruk het. Hy hardloop nou weer rond en word weer sy opgewekte self. Ons is baie dankbaar dar julle vir hom gebid het en weet die Here het hom aangeraak. Baie dankie dat julle die weg oopstel vir gebedsversoeke en dat die Here daardeur kan werk. Liefde en seën vir julle.

Philip en Ciska de Bruin

Ek het vir u 'n brief geskryf en daarin het ek voorbidding gevra vir my rug. Ek wil net getuig hoe groot is ons liewe Jesus, ek prys Hom vir alles wat God vir ons doen. Die aand sit ek op my bed en skryf aan u. Ek het my brief voltooi en in 'n koevert gesit. Daarna het ek Bybel gelees en gebid, en toe klim ek in die bed en slaap. Ek het deur die nag wakker geword en bad kamer toe gegaan. Ek het gedink dit is omdat ek gelê het dat ek geen pyn het nie. Die volgende oggend het ek opgestaan, Bybel gelees en gebid daar was geen pyn of iets nie. God het my aan geraak my rug heeltemal genees. Prys Hom, Loof Hom, Hy is my Redder en my Verlosser. Halleluja!! Liefde groete.

Poppie Dobson, Pretoria

Die Here is groot. Prys Sy lieflike Naam. Groter as geweldige waters soos die golwe van die see. So is die Here geweldig oor ons. Ek het gevra vir gebed en die Here het wonderlik onderneem. My seun wat onder moeilike omstandighede gewerk het, het 'n ander werk gekry in die S.A.P.D. Ek was in finansiële krisis. Die Here het wonderbaarlik onderneem. Ek kom uit die skuld. In Sy kosbare Woord het die Here by Sy regterhand en Sy magtige arm gesweer. Hy gee aan my 'n dubbele deel, ek sal nie in die skande kom nie. Die Here is baie goed vir ons. Die Here seën u.

Mev L P Gertzi,

Op die 3de Februarie, het ek vir u per brief gevra om my en my man tog te help. My man het bloedkanker en kon nie meer loop nie. Ons was toe by die onkoloog (Dr. Alberts) op die 9ste Maart, en hy was verbaas om te sien hoe goed dit gaan met my man. Hy sê die kanker telling is feitlik normaal en ons kan hom eers oor 4 maande weer kom sien. Dit was vir ons so 'n verligting om die nuus te hoor. Die aand voor ons onkoloog toe is, droom ek dat u Dr James, so voor in 'n kerksaal staan en ek en my man sit so agter, toe sê u kom sit hier voor julle twee, en my man kon loop. U het toe u hande omhoog gehou soos wanneer die seën uitgespreek word in 'n kerk deur die leraar. Hoeveel ek u nog nooit gesien het nie, en nog nooit by 'n hande oplegging was nie, het ek geweet dit is u.

Toe word ek wakker, en die volgende dag het ek my man geneem na die onkoloog, en die goeie nuus ontvang. Ek sê vir u almal, dankie dat u vir ons bid en tog te help met voorbidding dat my man weer kan loop. Nou al na my droom, begin hy al so bietjie loop. Hy is sielkundig nou soveel beter, en ek dank u vir die wonderwerk, gedoen deur Jesus.

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

11de en 25ste Junie 2004
2de en 16de Julie 2004

Genesingsdienste begin om 8.30vm.
Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bo-genoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.